




# NONGQAI

Nongqai Vol 16 No 4A - Veldbrande - Die MOETS en  
MOENIES en ander WENKE

Suid-Afrikaanse Magte Geskiedenis Tydskrif  
South African Forces History Magazine  
**Special Edition**



**Veldbrande:**  
Die MOETS en MOENIES  
en ander WENKE



## EDITORS

The editor-in-chief of NONGQAI Magazine is retired Brigadier Hennie Heymans ("HBH") of the S.A. Police, who holds a Master's degree in National Security Studies and had represented the S.A.P. on the Secretariat of the State Security Council.

The editor of the **Ladies Edition** of NONGQAI is Sarie van Niekerk ("SvN"), herself a former police officer and journalist at Beeld newspaper.

The editor of NONGQAI's digital publications and group operations manager is Dr. Willem Steenkamp ("WPS"), a retired attorney and ambassador who is a former member of the N.I.S. and D.F.A. Willem is responsible for NONGQAI's YouTube channel and BLOG, plus our publisher, GREXPA s.a.

There are two sub-editors. Col. Logan Govender ("LG") is our lead historian on police officers of Indian descent. Henning van Aswegen ("HvA") renowned author formerly of the National Intelligence Academy, handles the intelligence desk.

Any opinions expressed by any editor (or by any other contributor), are entirely their personal responsibility, and should be attributed to them individually and **not to the editorial board, owners or publisher.**

Die hoofredakteur van die NONGQAI tydskrif is afgetrede Brigadier Hennie Heymans ("HBH") van die S.A. Polisie, met 'n Meestersgraad in Nasionale Veiligheidsstudies en wat die S.A.P. verteenwoordig het op die Sekretariaat van die SVR.

Die redakteur van NONGQAI se vroue-blad is Sarie van Niekerk ("SvN"), voormalige polisiebeampte en joernalis van die koerant Beeld.

Die redakteur van NONGQAI se digitale publikasies en ook groep-bedryfsbestuurder is Dr. Willem Steenkamp ("WPS"), afgetrede prokureur, ambassadeur en voormalige lid van N.I. en die D.B.S. Willem versorg NONGQAI se YouTube-kanaal en BLOG, en bestuur die uitgewer-maatskappy, GREXPA s.a.

Daar is twee sub-redakteurs. Kol. Logan Govender ("LG"), is ons historikus vir die geskiedenis van polisie-lede van Indiërfakoms. Henning van Aswegen ("HvA"), skrywer voorheen van die Nasionale Intelligenςie Akademie, versorg intel-nuis.

Enige menings uitgespreek deur enige lid van die redaksie (of deur enige ander bydraer), is hulle persoonlike verantwoordelikheid en moet hulle individueel toegereken word, nie die redaksie, eienaars of uitgewer nie.

## Aim & Policy - Doel & Beleid

Our goal is to collect and record our national security history for publication in the NONGQAI for future generations.

Ons doel is om die nasionale veiligheidsgeskiedenis in die NONGQAI aan te teken en só vir die nageslagte te bewaar.

We publish the articles and stories as we receive them from our correspondents; we only correct spelling mistakes. It's important to publish the stories in the form and context that we received them from our correspondents. Policemen and Defence personnel have their own language and sub-culture. We are not a scientific or literary journal. We only work with historical building blocks, as in the oral tradition.

Ons gebruik die artikels en stories soos ons dit van ons korrespondente ontvang; ons maak slegs die spelfoute reg. Dis belangrik om die stories te bewaar in die vorm en in die konteks soos ons dit ontvang. Lede van die veiligheidsmagte het hul eie taal en ons moet dit ook so aanteken. Ons is nie 'n letterkundige of wetenskaplike joernaal nie. Ons werk slegs met die boustene van die geskiedenis, in die orale tradisie.

## COPYRIGHT POLICY

NONGQAI is an educational publication without a profit motive, distributed free. As such, under S.A. Law it enjoys the general "reasonable use" exemption from the copyright that may be held by others in material re-published here-in. Ethically, such original authors and publications are cited and credited to the best of our ability, also regarding photos and imagery. All we request for the use of our material is the same courtesy of crediting us in full.

## ERKENNING VAN KOPIEREG

NONGQAI is 'n opvoedkundige publikasie sonder winsbejag wat gratis versprei word. As sodanig geniet dit onder S.A. Reg die "redelike gebruik"-vrystelling van ander se outeursreg in materiaal wat hierin her-publiseer word. Eeties, word sulke oorspronklike outeurs en publikasies na die beste van ons vermoë siteer en erken, ook vir foto's en beeldmateriaal. Al wat ons vra vir die her-gebruik van ons materiaal, is dieselfde hoflikheid van volledige kreditering.

## Contact Particulars - Kontakbesonderhede

Brig. Hennie Heymans:  +27 (0)72 336-1755       [editor@nongqai.org](mailto:editor@nongqai.org)      WEB: [www.nongqai.org](http://www.nongqai.org)

Nongqai Magazine is carried on ISSUU and, with Nongqai Digital Media, is published by GREXPA s.a., incorporated in Guatemala – more info on website.

# NONGQAI oorsprong & oogmerke

sedert 1907



**NONGQAI** is 'n gratis aanlyn bewaarplek van herinneringe, historiese gegewens en ontledings rakende die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suider-Afrika. Dit dek van die heel onlangse tot die koloniale verlede van polisiëring, militêre ontwikkelinge, intelligensie en diplomasië in die streek. Dit word gedoen met twee hoof oogmerke: om rou historiese gegewens en die insigte van werklike deelnemers, geboekstaaf in die tradisie van orale vertellings, te bewaar tot voordeel van toekomstige geslagte; en, tweedens, om aan veterane van die dienste en gewapende magte 'n platform te bied waardeur hulle hul verhale en foto's kan deel, vir die leesgenot van ou kamerade, vriende en familie. **NONGQAI** doen dit sonder om die verlede te verheerlik, en ook nie om die verlede weer te wil herleef nie. Ons wil help om die goeie in die verlede te koester, deur die geskiedenis sonder kwaadwilligheid te boekstaaf.

Die eerste **NONGQAI** het in Maart 1907 verskyn as die amptelike kwartaallikse tydskrif van die polisie van die kolonie Natal. Na die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910, en die daaropvolgende stigting van die Unie-weermag en die nasionale polisiemag in 1913, is besluit om die tydskrifte van die verskillende koloniale magte van voor die Unie, saam te voeg in een. Die naam **NONGQAI**, wat in Zoeloe beteken "die koning se wagte", is gekies vir hierdie saamgevoegde tydskrif, wat die tydskrifte van koloniale dienste soos *The Bandolier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* en *The Transvaal Police Magazine* vervang het. Die nuwe 1913-weergawe van die **NONGQAI** verteenwoordig dus al die uniformdienste van die Unie, insluitend die Polisie, Weermag en Gevangenisdiens.


Nadat die Unie die Republiek van Suid-Afrika geword het, het die verskillende dienste geneig om hul eie tydskrifte te ontwikkel, soos *Paratus* vir die weermag en *Servamus* vir die polisie. Die oorgang in 1994 na 'n nie-rassige demokrasie het 'n einde gemaak aan daardie era, maar nie 'n einde aan belangstelling in die geskiedenis van daardie epogmakkende tye nie. Brigadier Hennie Heymans het daarom die **NONGQAI** in e-tydskrif vorm laat herleef as 'n bewaarplek van data, herinneringe en ontledings oor die nasionale veiligheidsgeskiedenis van Suider-Afrika.

**NONGQAI** se tradisionele e-tydskrifte (standaard en vroue-edisies) word aan die begin van elke maand gepubliseer en word gratis op ons Blog [www.nongqai.org](http://www.nongqai.org) en die ISSUU-platform gedra. Spesiale uitgawes, wat elk oor 'n spesifieke tema handel, word gereeld gepubliseer. Ons Blog-artikels daarenteen, verskyn deurlopend, en so ook ons video's op YouTube. Die beleid van die redakteurs van **NONGQAI** is om nie in te meng met die inhoud wat deur bydraers voorgelê word nie, behalwe vir eenvormige blad-opmaak en hersiening van spelling en grammatika. **Die Inhoud is dus die verantwoordelikheid van elke individuele bydraende outeur; Nongqai, sy redakteurs en uitgewers aanvaar geen aanspreeklikheid daarvoor nie.** Die doel is om die voormalige deelnemers so outentiek en direk as moontlik te laat praat, sodat historici dit as bron van rou historiese gegewens kan gebruik in hul historiografiese evaluerings. **NONGQAI** self is dus ook nie 'n akademiese geskiedenis-publikasie wat aanspraak maak op wetenskaplike beoordeling of verifiëring van die inhoud wat sy vrywilliger bydraers op sy bladsye gedeel het nie.

**NONGQAI**, hetsoos as tydskrifte of digitale media, is heeltemal gratis en toeganklik op ons web-blad: <https://nongqai.org>. Dit kan aanlyn gelees word of as .pdf-dokumente afgelaai word. Die argief van vorige uitgawes verteenwoordig 'n skatkamer van historiese gegewens, foto's, persoonlike herinneringe en staaltjies, sowel as ontledings van belangrike nasionale veiligheidswessies van die verlede en die hede – dit word bewaar op ons Blog, sowel as deur die Akademia Biblioteek.



**NONGQAI** is a free online repository of memories, historic data and analysis relating to the national security history of Southern Africa. It covers from the very recent to the very ancient past of policing, military developments, intelligence, and diplomacy in the region. It does so with two main goals: to provide raw historic data and insights from actual participants, in the tradition of oral history, for the benefit of future generations; and, secondly, to provide ex members of the services and armed forces with a platform through which to share their stories and photographs, for the reading pleasure of old comrades-in-arms, friends and family. This **NONGQAI** does, without glorifying the past, nor wishing to live again the past. It helps cherish the good in the past, recording history without malice.



The original **NONGQAI** magazine had started out in March 1907 as the official quarterly magazine of the police of the colony of Natal. After the establishment of the Union of South Africa in 1910, and the subsequent founding of the Union defence force and the national police force in 1913, it was decided to amalgamate the magazines serving the different pre-union colonial forces into one. The name **NONGQAI**, which in Zulu means "the king's watchmen", was chosen for this amalgamated magazine, which replaced the pre-union colonial services magazines such as *The Bandolier*, *The Qakamba*, *The South African Constabulary Journal* and *The Transvaal Police Magazine*. The new 1913 version of the **NONGQAI** thus represented all the uniformed services of the new Union, including the police, the military, and the prisons service.

After the Union became the Republic of South Africa, the different services tended to develop their own magazines, such as *Paratus* for the military and *Servamus* for the police. The 1994 transition to a non-racial democracy brought an end to that era, but not an end to interest in the history of that era. Brigadier Hennie Heymans thus revived the **NONGQAI** in e-magazine form, as repository of data, memories, and analysis about the national security history of Southern Africa.

**NONGQAI** in its traditional magazine format (standard and Ladies' editions) is published at the beginning of each month and is carried on our Blog [www.nongqai.org](http://www.nongqai.org) and the ISSUU platform. Special issues, each dealing with a particular theme, are regularly published. Our Blog posts and YouTube videos, on the other hand, are published throughout the month.

The policy of the editors of **NONGQAI** is not to interfere with the content of articles submitted and deemed publishable, except for uniform formatting and reviewing spelling and grammar. **The content is therefore the responsibility of each individual contributing author; the editors, owners and publishers accept no liability for it.** The objective is to let the former participants talk, as authentically and directly as possible, for historians to use as source of raw historic data in their historiographic evaluations of past events. **NONGQAI** itself thus isn't, nor does it pretend to be, an academic history publication laying claim to scientific assessment or verification of the content its volunteer contributors had shared through its pages.

**NONGQAI** is entirely free and accessible on the internet, where it can be read online or downloaded as .pdf documents. Its archive of past editions represents a treasure trove of historic data, personal recollections, and anecdotes, as well as analysis of important national security issues, past and present. This archive can be found on our Blog, and in the care of the Akademia Library.

## **Welkom**

Hartlike welkom by hierdie Spesiale Uitgawe van Nongqai (Nongqai Vol 16 No 4B). Dieks is 'n man vir se hande niks verkeerd staan nie. Hy het as jong polisieman saam met ander eiehandig geboue vir die nuut-gestigte Koevoet opgerig onder die leiding van destyds kol JG "Sterk-Hans" Dreyer.

Dieks woon tans op 'n landbouhoewe noord-oos van Pretoria en hulle word dikwels in hul bewaria geteister met veldbrande. Die redaksie het kol JJ "Dieks" Dietrichsen gevra om sy eie ervaring met veldbrande vir ons lesers te boekstaaf. Ons het die afgelope twee-drie jaar al twee brande in ons woonkompleks gehad. Brande is 'n realiteit en enkele wenke kan 'n lewe red

## **Voorblad**



Dieks in Brandweer-mondering: Vuur is nie speletjies nie



**Hulde word betuig uit diepe dankbaarheid vir elke vuurvegter wat sy/haar tyd opoffer en sy/haar lewe op die spel plaas om so dikwels brande te bestry op ander mense se eiendom... mense wat hulle nie eers ken nie.**

**Die hartseer van veldbrande is dat daar so baie insekte, voëls en klein diertjies wrede gedood of beseer word... dit wat ons nie altyd sien of eers bewus van word nie.**

**Een goue reel vir 'n brandbestryder:**

**Jou eie veiligheid is jou belangrikste prioriteit. Moenie 'n slagoffer van 'n brand raak nie. Sorg dat jy gesond en fiks genoeg bly om 'n volgende keer weer te kan help. Jou soort is yl gesaai!**

## Inhoud

Welkom .....	5
Voorblad .....	5
Inhoud .....	6
'n Woord vooraf .....	8
Inleiding .....	8

Die Moets .....	8
Die Moenies .....	9
Brandstroke .....	9
Gevolge vir persone wat die moets en moenies oortree.....	10
Algemene wenke in verband met veldbrande.....	11
Die rol van Brandverenigings .....	11
Wat om te doen om 'n veldbrand te voorkom .....	12
Wat om te doen as 'n brand op jou eiendom ontstaan .....	13
Wat om te doen as jy hulp by 'n veldbrand wil verleen anders as by jou eie plek .....	14
Beheerde teenbrand.....	15
Watter uitrusting is nodig om 'n veldbrand te bestry? .....	16
Die elemente van 'n vuur.....	18
Watter toerusting is nodig om 'n veldbrand te bestry .....	19
Kinders by 'n veldbrand .....	23
Voertuie by 'n veldbrand.....	23
Risiko's by veldbrande.....	23
Waterpunte.....	25
Kommunikasie.....	26
Kommunikasietoerusting .....	26
Instandhouding van Toerusting .....	27
Oorsake van veldbrande .....	28
Versekering : Roerende en Onroerende Eieindom.....	28
Versekering : Persoonlike Regsaanspreeklikheid .....	29
Die hulp van mense wat nie fisies by bestryding van 'n veldbrand betrokke kan raak nie, is onontbeerlik .....	29
Optrede by 'n veldbrand .....	30
Ongewenste persone by 'n veldbrand .....	32
Verslae en Statistiek.....	32
Slot .....	33
Outeur: .....	33
Bonne:.....	33

## 'n Woord vooraf

Die inhoud van hierdie dokument is hoofsaaklik bedoel vir mense wat op kleinhoewes en plase woon en nie gereeld met veldbrande te doen het nie maar tog onderhewig is aan die bepalings van die **Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande van 1998**. Dorpenaars wat lief is vir kampeer of jag kan ook baat vind by kennisname van die inhoud. Dit kan ook dien as inligtingsdokument vir diegene wat voornemens is om by die bestryding van veldbrande betrokke te raak. Vir hulle beveel ek aan om aanvanklik saam met 'n ervare brandbestryder met 'n vuurvegter te werk. Hierin is baie praktiese wenke gegee maar niks kom by persoonlike ervaring nie. Tannie Marie Krüger en Manie Entres van die Roodeplaat Brandbeskermingsvereniging word bedank vir die proeflees en hul wenke en Alida Thornhill vir haar bydrae oor rookinasmeng.

## Inleiding

1. Veldbrande berokken jaarliks die Suid-Afrikaanse ekonomie miljarde rande se skade, maak sommige individue bankrot of besorg baie hartseer aan baie gesinne. **Volgens inligting is die ekonomiese impak van brande baie groter as die van misdaad.** As dit nie jyself is wat die slagoffer van 'n veldbrand is nie, steur jy jou nie veel daaraan nie. Maar, as dit jou die dag tref, kan dit ruk aan jou beursie, jou goed wat jy vir jare lank bymekaar gemaak het, vernietig, jou vee, jou huisdiere uitwis en ja, sommige mense moes ook al hul dierbares begrawe wat in veldbrande omgekom het. Nie net op ander plekke nie – oral in Suid-Afrika.
2. Veldbrande het deel van talle gebiede in Suid-Afrika se bestaan geword. Baie van die inwoners van 'n gebied is nie by die bestryding van veldbrande betrokke nie omdat meeste bedags werk wanneer die brande voorkom. Baie mense het al groot skade gely terwyl die meeste darem skade vrygespring het.
3. Alle landsburgers moet kennis neem van die bepalings van die **Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 (Wet 101 van 1998)**. Die inhoud daarvan is nie net van toepassing op mense wat plase, plote of plantasies besit of daarop woon nie. Daar is 'n klomp **moets** en **moenies** in die wet vervat waarvan kennis geneem en toegepas moet word deur alle landsburgers.
4. Hieronder gaan so paar riglyne gegee word wat sal help om die wet beter te verstaan en ook wenke gegee word wat om te doen of te vermy ten opsigte van veldbrande.

## Die Moets

5. Baie van die **MOETS** wat in die wet voorgeskryf word, is spesifiek op grondeienaars/-huurders/-okkupeerders van toepassing. Eienaars/huurders/okkupeerders van grond van 1 hektaar en groter moet onder andere:

- brandstroke op sy grense met sy bure maak;
- alles in sy vermoë doen om ‘n brand op sy grond te blus en te voorkom dat dit na sy bure toe versprei;
- sy bure in kennis stel as ‘n brand op sy grond voorkom;
- die minimum toerusting besit en te alle tye beskikbaar hê om ‘n brand op sy grond te bestry soos bepaal in die huisreëls van die Brandbeskermingsvereniging van die gebied; (**twee vuurslaanplakke en een rugsakspuit** is aanvaarbare minimum toerusting vir ‘n veldbrand met ‘n lae risiko);
- toesien dat werkers in brandbestryding opgelei word en op hoogte is wat om te doen as ‘n brand op jou grond ontstaan;
- toesien dat werkers die nodige beskermende klere het/gebruik wanneer hulle vir die bestryding van ‘n brand aangewend word;
- die brandbeampte van die gebied in kennis stel as ‘n brand op jou grond voorkom/voorgekom het tesame met alle relevante inligting wat, vir die doel van statistiek, aan die department gerapporteer moet word;
- die Suid-Afrikaanse Polisiediens in kennis stel indien ‘n misdaad gepleeg is, of vermoed word, wat tot ‘n brand geleid het.

## Die Moenies

6. Die **MOENIES** wat in die wet voorkom raak ook die algemene publiek. Die wet sê **MOENIE :-**

- ‘n vuur wat jy in ‘n oop ruimte gemaak het (kampeerplek, braaiplek, ens.) verlaat sonder dat jy dit geblus het nie;
- ‘n vuur aansteek, gebruik of instand hou nie wat beserings of skade kan veroorsaak;
- ‘n vuur in ‘n padreserwe maak nie behalwe om ‘n brandstrook te maak ingevolge die bepalings van die wet;
- rook op ‘n plek nie waar rook spesifiek deur wetgewing verbied word;
- ‘n brandbeampte, brandweerman of polisiebeampte verhinder of belemmer nie om sy pligte en verantwoordelikhede ingevolge die bepalings van die wet na te kom.

## Brandstroke

7.1 Die Wet is nie voorskriftelik ten opsigte van die wydte van brandstroke nie maar bepaal wel dat brandstroke verpligtend tussen bure is. ‘n Brandstrook het ‘n drieledige doel:

- Dit beveilig eiendom teen die binnedring van ‘n brand van jou buurman se kant af of die verspreiding van ‘n brand van jou grond af na jou buurman toe.

- Dit dien as 'n veilige ryoppervlakte na 'n brandtoneel toe vir vuurvegtervoertuie en/of om brandbestryders met plakke en rugsakspuite by of naby 'n brandtoneel te kan aflaai.
- Dit is 'n strook waarvandaan 'n teenbrand met groter veiligheid begin kan word om 'n weghol veldbrand te kan stuit.

7.2 Hoewel die **wydte van 'n brandstrook nie in die wet voorgeskryf word nie**, word daar in die publikasie ***Gauteng Smallholder's Companion & Buyer's Guide 2014*** soos volg oor brandstroke geskryf: .....*a general rule of thumb is that a firebreak in Gauteng grassland should under normal circumstances comprise two 5m wide strips of veld mown short to manicured lawn length and cleared of the cuttings, separated by a 5m wide strip in which all the combustible material has been removed.*

7.3 Die wet maak voorsiening vir uitsonderings onder bepaalde voorwaardes. Vir verdere inligting daaroor sowel as die volledige ***Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande (Wet 101 van 1998)*** en die interpretasie van die wet, kan die internet gebruik word by: <http://forestry.daff.gov.za/-webapp/Documents/Forestfire>.

7.4 Dit dien vermeld te word dat 'n brandstrook wat voldoen aan die aanbevelings wat in paragraaf 7.2 hierbo beskryf is, nie wyd genoeg is as die gras lank en die wind sterk is nie. In Gauteng het veldbrande al regoor die N1-snelweg se twee dubbelbaan teerpaaie met sterk wind gespring – 'n afstand van meer as honderd meter.

7.5. **Wenk:** In plaas daarvan om die gras weerskante van die 5m strook wat sonder brandbare materiaal moet wees, kort te sny en die snysels te verwijder, **kan daardie stroke aan die einde van die groeiseisoen en, wanneer die brandstroke vir die brandseisoen in gereedheid gebring moet word, met 'n melasse-oplossing bespuit word.** Die vee en wild gee voorkeur aan die soetgegeurde gras en vreet dit gou kort. Dieselfde metode kan by binne heinings en vir blokke binne groot weikampe gedoen word.

## **Gevolge vir persone wat die moets en moenies oortree**

8.1 Boetes en/of gevangenisstraf word in die wet voorgeskryf vir oortredings van die wet. Swaar strawwe word opgelê in gevalle waar 'n veldbrand groot skade veroorsaak het of die beserings of dood van mense tot gevolg gehad het.

8.2 Behalwe die stafregtelike gevolge wat 'n oortreder te beurt kan val, kan hy/sy ook siviell gedagvaar word vir skade wat sy buurman gely het as gevolg van 'n brand wat na sy buurman se grond versprei het.

## **Algemene wenke in verband met veldbrande**

9. Die riglyne hieronder is bedoel om die leser agtergrond te gee wat om by 'n veldbrand te doen of nie te doen nie. Elke veldbrand moet op sy eie deur die persoon in beheer geëvalueer word met inagneming van, en in samewerking met die mense en die toerusting tot hul beskikking. **Geen rigiede reëls kan neergelê word nie** hoewel daar spesifieke faktore is wat 'n bepalende rol sal speel in die evaluering van 'n veldbrand wat sal lei tot 'n plan van aksie.

## **Die rol van Brandverenigings**

10.1 Die wet skryf voor dat brandverenigings vir geïdentifiseerde landelike gebiede gestig word. Die verenigings stel 'n grondwet op wat inlyn is met die bepalings van die wet. Verenigings stel hulle eie huisreëls op met inagneming van verskeie faktore wat vir die spesifieke geografiese gebied geld, soos byvoorbeeld onder andere: totale oppervlakte van die gebied onder beheer van die vereniging, bevolkingsdigtheid, plantegroei in die gebied, toegangspaaie (afstande en toestande), **minimum brandbestrydingstoerusting vir lede en nie-lede**, brandstofspryse, en lede met vuurvegters beskikbaar (aankope en instandhouding). Al bogenoemde faktore en uitgawes vir 'n voorafgaande boekjaar word in ag geneem om te bepaal wat die jaarlikse ledegeld vir die volgende finansiële jaar sal wees.

10.2 Lidmaatskap van 'n brandvereniging is vrywillig maar **daar is 'n paar vangplekke wat nie-lede duur te staan kan kom** in geval hy nie 'n brand tot sy eie eiendom kon beperk nie of selfs as hyself skade gely het waaroor hy van versekeraars wil eis. (Sien paragrawe 34 en 35 hieronder.) **Ingevolge die wet is die huisreëls van 'n brandvereniging ook van toepassing op nie-lede wat eiendom in die geografiese gebied van die brandvereniging besit, huur of okkuper.**

10.3 Lede van brandverenigings en meer spesifiek diegene met vuurvegters raak soos familie. Hulle ondersteun en help mekaar waar die behoefte ontstaan. Hoewel brandverenigings afgebakende geografiese gebiede het, **het lede met vuurvegters nie grense nie. Daar is nie genoeg mense met vuurvegters in 'n gebied wat op hul eie 'n groot veldbrand onder beheer kan bring nie.** Daarom is gemeenskappe aangewese op die lede met vuurvegters buite sy brandvereniging se grense. Lede met vuurvegters is meestal ook mense wat voltydse beroepe beoefen en kan nie altyd sy werkplek verlaat om 'n vuur waar sy kundigheid nodig is, gaan help bestry nie. **Lede met vuurvegters gebruik ook meestal hul eie voertuie** (meestal bakkies met 'n vuurvegter op die bak of 'n vuurvegter wat op 'n sleepwa gemonteer is).

10.4 Enkele vuurvegters wat jare gelede deur die staat tot beskikking van gemeenskappe gestel is en onder die beheer van Rampbestuur in die gebied geplaas is, is nog in werking. **Dit is gratis**

**tot beskikking van oppbetaalde lede van Brandbeskermingsverenigings (hierna word slegs na die *brandvereniging* verwys).** Die Brandverenigings is self verantwoordelik vir die vuurvegters se instandhouding. Nie-lede wat van die vuurvegters gebruik maak, kan 'n rekening ontvang waarvan die bedrag deur die Brandverenigings bepaal word.

## **Wat om te doen om 'n veldbrand te voorkom**

11. Behalwe vir die verpligting om brandstroke op jou grense met jou bure te maak, is dit raadsaam om voldoende voorsorg te tref teen die ontstaan en verspreiding van 'n brand.

- **Moenie** asgate, grasperksnysels, landreste of enige ander brandbare materiaal brand sonder dat voldoende voorsorgmaatreëls getref is dat 'n veldbrand daardeur kan ontstaan nie. (**Nota** : Baie weghol veldbrande ontstaan deur die brand van bogenoemde stowwe, dikwels as gevolg van **geen of gebrekkige kommunikasie** tussen werkgewers en werknemers.) **BELANGRIK:** *Vanaf 1 Junie (elke jaar) is daar 'n verbod op die maak van oop vure.* Die brand van bogenoemde stowwe kan slegs met skriftelike toestemming van die brandbeampte van die gebied gedoen word. Sodanige toestemming sal slegs verleen word indien die relevante bepalings van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 (Wet 101 van 1998) nagekom is.
- **GRASDAKFIASKO'S :** Baie geboue met grasdakke brand jaarliks af as gevolg van **veldbrande**. Daarom is dit baie belangrik om brandbare materiaal weg van jou geboue af te hou. Maar, ten spyte van die nakoming van sulke voorsorgmaatreëls is daar geen waarborg dat jou grasdakgebou nie tydens 'n veldbrand ook sal vlamvat nie. As 'n grasdak eers vlam gevat het, is die kanse skraal om daardie vlamme te blus, selfs met brandweerwaens en hul bemanning op die toneel. 'n Grasdakgebou kan binne 'n uur totaal in puin gelê word. Die beste voorsorgmaatreëls is om die dak nat te spuit as daar 'n veldbrand in die omgewing is. Daarvoor is 'n voldoende volume water in 'n tenk met 'n hoëdruk pomp, wat voldoende volume water kan spuit, en persone wat die spuitwerk kan doen (opgeleide werkers), nodig. (**Nota** : 'n Hoëdruk sentrifugale pomp wat met 'n petrolenjin aangedryf word, word aanbeveel. Elektriese kragtoevoer (Eskom-krag) word dikwels as gevolg van 'n veldbrand of deur ESKOM self met beurtkrag afgesny. As jy dus 'n elektriesaangedreve pomp as werktuig gebruik, kan jou voorsorgmaatreëls jou op die nodigste tyd in die steek laat. Toets gereeld die pomp, pype en koppelstukke en verseker dat jou werkers deeglik opgelei word hoe om die stelsel te gebruik. Sien ook paragraaf 34 hieronder oor versekering en die slaggate waarin eienaars en huurders kan beland as jou eiendom deur 'n veldbrand beskadig of vernietig is. Ek haal graag aan uit die boekie **Gauteng Smallholder's Companion & Buyer's Guide – 2014** (Bl.146) : *Also, importantly, the provisions of the act will have a direct bearing on how your insurer views any claim you may lodge following a fire and*

**(assessors are quick to point out that there are certain aspects of the law which are so vague as to make it relatively easy for an underwriter to wriggle out of paying a claim.)**

## **Wat om te doen as 'n brand op jou eiendom ontstaan**

12. **Daar rus 'n wetlike verpligting op jou om self die brand te blus** of te probeer blus en om jou bure van die brand in kennis te stel. (**Nota :** *Dit is belangrik om jou bure se kontakbesonderhede op 'n toeganklike plek – ook vir jou werkers – beskikbaar te hê.*)

13. As daar enige aanduiding is dat jy nie self in staat gaan wees om die brand te blus nie, moet die betrokke persone van die brandvereniging onverwyld in kennis gestel word met vermelding van alle besonderhede waar die brand voorkom. Terselfdertyd moet 'n aanduiding gegee word wat die stand van die plantegroei is wat (kan) brand en of enige strukture bedreig word en of diere vasgekeer is of kan wees. Daar moet in ag geneem word dat die reaksietyd van lede van die brandverenigings wat met vuurvegters na die plek waar die brand voorkom, moet ry, beïnvloed word deur die afstand wat gery moet word, die toestand van die paaie sowel as die toestand en topografie van die terrein waar die brand voorkom.

14. **As geboue deur die veldbrand bedreig word moet die hulp van die naaste brandweer ingeroep word** omdat die primêre verantwoordelikheid van lede van die brandverenigings wat betrokke raak, die bestryding van veldbrande is.

**(Nota :** Opbetaalde lede van 'n brandvereniging kon vrygestel word van betaling vir diens deur die brandweer gelewer. **Bewys van opbetaalde lidmaatskap was deur die brandweer van die bestuurskomitee van die betrokke brandvereniging vereis.** Daardie vergunning is eensydig deur die Tshwane Brandweer gekanselleer. Lede en nie-lede sal 'n rekening van die brandweer kry wat etlike duisende rande kan beloop. Die brandweer se kostes word bereken met inagneming van onder andere die volgende faktore: Die aantal en tipes voertuie wat gebruik is se loopkostes per kilometer; die tydperk teen 'n bepaalde tarief wat die brandweerdienst van die stasie af weg is; 'n bedrag vir elke personeellid wat betrokke is; die hoeveelheid water wat gebruik is om die diens te lewer ongeag of die water of 'n deel daarvan by die perseel waar die diens verskaf is, verkry is; enige skade wat veroorsaak is aan brandweerwaens wat gebruik is, welke skade die gevolg is van onvoldoende toegangsroetes na die perseel waar die diens gelewer is. Die eienaar/huurder/okkuperer op wie se grond die brandweer 'n diens gelewer het, kry die rekening ongeag waarvandaan die vuur na so eiendom versprei het.)

## **Wat om te doen as jy hulp by 'n veldbrand wil verleen anders as by jou eie plek**

15. By enige veldbrandtoneel **BEHOORT** 'n spesifieke persoon alle aktiwiteite te koördineer. Dit kan die brandbeampte van die gebied wees, 'n lid wat bekend is met die omgewing waar die brand voorkom of 'n ander persoon met ervaring van veldbrande. Wanneer brandweerbeamptes op die toneel kom/is waar 'n veldbrand bestry word, neem die senior brandweerlid of 'n ander lid deur hom op die toneel aangewys, beheer van die toneel.

16. Wanneer 'n persoon dus wil hulp verleen om 'n veldbrand te bestry, **MOET** hy met sy aankoms by die brand vasstel **wie in beheer is en by hom aanmeld**. Hy moet die persoon in beheer meedeel wat die aard van die hulp is waarmee hy kan help: 'n vuurvergter, vuurslaanplakke of rugsakspuit ensovoorts en hoeveel eie werkers hom/haar vergesel het. Die persoon in beheer sal hom/haar taak wat om waar te doen.

17. Veldbrande kom dikwels oor 'n wye gebied en lang afstande voor waar sigbaarheid en kommunikasie beperk en soms onmoontlik is. Die volgende faktore speel 'n belangrike rol in die evaluering van die brand in terme van skade wat aangerig kan word, gemeet teenoor die potensiële vermoë van die mense met hul toerusting om die brand te bestry:

- die windsterkte en –rigting;
- die tipe en digtheid van die plantegroei;
- die aard van die terrein;
- die bedreiging wat die veldbrand vir wonings inhou;
- die risiko's wat die brand inhou vir diere wat teen kampcheinings vasgekeer kan word;
- die aantal vuurvegtervoertuie en brandbestryders met plakke en/of rugsakspuite en/of blasers (blowers) beskikbaar.

18. Bogenoemde faktore in ag genome, sal die koördineerder sy plan van aksie met spoed implementer en al die persone op die toneel taak wat om waar te doen. **Soms word 'n veldbrand gelos om sy gang te gaan om dit op 'n meer geleë plek te bestry.** Dit is belangrik dat die besluit om 'n brand nie op daardie stadium en plek te bestry nie, gekommunikeer word met almal wat betrokke is. As daardie besluit nie gekommunikeer word nie, word onnodige energie vermors deur diegene wat oningelig is en steeds poog om die brand te bestry.

19. 'n Paar goue reëls:

- **Baklei 'n veldbrand slegs daar waar jy weet jy dit onder beheer gaan kry.** Dit is vermorsing van energie en hulpbronne om 'n veldbrand aan te durf op 'n plek waar jy nie seker is jy dit onder beheer gaan kry nie.

- Moenie meer in terme van mannekrag en toerusting op die spel plaas as dit wat jy wil probeer behou of red nie. Dit is onwys om voertuie en ander toerusting van 'n paar honderdduisend rand in waarde op risiko te plaas om veld of bos te probeer red wat nie veel werd is nie en wat in elk geval met die eerste reën weer kan herstel.
- Neem voortdurend jou eie veiligheid en die mense wat saam met jou aan die brandbestrydingsaksie deelneem, in ag. **Geen veld of bos is die lewe van 'n mens werd nie.**
- **Meld te alle tye** by die persoon in beheer aan **AS JY VAN DIE TONEEL GAAN ONTTREK VOORDAT DIE BRAND ONDER BEHEER GEBRING IS.**
- **Meld te alle tye** by die persoon in beheer van die brandbestrydingsaksie aan **NADAT 'n brand onder beheer gebring is en wel VOORDAT jy van die toneel af vertrek.** (Nota: Laasgenoemde twee punte is noodsaaklik om te verseker dat elke persoon wat by die brandbestryding betrokke was, veilig is. Waar 'n brand oor 'n wye gebied versprei is, kan dit maklik gebeur (en het dit al gebeur) dat brandbestryders in die moeilikheid raak en nie kan aanmeld nie. In so geval moet daardie persoon/persone gesoek word. **Baie brande wat in die dag begin, woed tot in die nagtelike ure en somtyds deur die nag.** Om iemand in die nag op te spoor waar alles swart gebrand is, is op sigself "nag". Wanneer iemand nie aangemeld het nie, word 'n soekgeselskap geloods totdat die persone wat nie aangemeld het nie, gevind is. So 'n soekgeselskap verg baie tyd en energie van lede wat op daardie stadium reeds moeg en uitgeput is. As 'n persoon onttrek het sonder om by die persoon in beheer aan te meld, word so soekgeselskap **ONNODIG** geloods. **Moet dus nie die OORSAAK van so onnodige aksie wees nie!**)

## **Beheerde teenbrand**

20. **Om 'n veldbrand te bestry is soos OORLOG voer!** In tye van oorlog het jy 'n aggressor en verdediger of ook genoem die aanvaller en die verdediger. By 'n veldbrand is die vuur die aggressor of aanvaller en die brandbestryders die verdedigers. In tye van oorlog op see gebruik die bemanning van 'n oorlogskip kanonne, vuurpyle en torpedo's teen die verdedigende vyand. 'n Vistreiler word nie gebruik om 'n oorlogskip se aanval af te weer nie, maar wel ook 'n oorlogskip. Jy gebruik ook nie 'n ligte vliegtuig om 'n aanval van 'n vegvliegtuig af te weer nie maar jy kan net suksesvol teen 'n vegvliegtuig baklei met ook 'n vegvliegtuig. **Daarom is dit soms nodig om 'n weghol veldbrand met 'n beheerde teenbrand te bestry of onder beheer te kry.**

21. Net soos 'n oorlogskip onder die bevel van 'n ervare seesoldaat staan wat besluite moet neem en 'n vegvliegtuig gevlieg word deur 'n goed opgeleide vlieënier, **berus die besluit om 'n veldbrand met 'n beheerde teenbrand te bestry by 'n persoon wat die situasie op die toneel kan evalueer met inagneming van die volgende faktore :**

- Die mannekrag en hul tipe toerusting tot sy beskikking;
- Die terrein waar die veldbrand voorkom sowel as die terrein waarvandaan die teenbrand geloods kan word;
- Die windrigting en –sterkte;
- Die waarde van dit wat met die teenbrand vernietig gaan word teenoor die waarde van dit wat vernietig gaan word as die weghol veldbrand nie gekeer kan word nie;
- Die veiligheid van die brandbestryders wat aan die teenbrandoperasie gaan deelneem;
- Die veiligheid van inwoners van die gebied, wonings en ander geboue en die risiko vir hul beskadiging of vernietiging deur die weghol veldbrand en die beoogde teenbrand;
- Die veiligheid van diere in die gebied waar die teenbrand gemaak gaan te word;
- Die volgende alternatiewe plek waarvandaan ‘n teenbrand geloods kan word sou die brand waar die eerste beoogde teenbrand begin gaan word, buite beheer raak.
- Die versekering dat brandbestryders by die weghol brand betrokke, onttrek is na veiligheid voordat die teenbrand begin word. (**Nota**: Dit is die rede waarom dit so noodsaaklik is dat die persoon in beheer van die brandbestryding weet waar lede van sy span(ne) is of waar groepe lede betrokke is – sien paragrawe 16 en 19 hierbo. Die korrekte kommunikasie in hierdie geval is van kardinale belang. **Wanneer die opdrag gegee word dat bestryders van ‘n brandtoneel moet onttrek terwyl die veldbrand nog voortwoed, MOET so bevel onmiddellik gehoorsaam word.** Dit het al gebeur dat bestryders van ‘n brand tussen die weghol brand en die teenbrand vasgekeer is omdat hulle nie by die persoon in beheer aangemeld het nie en hy die teenbrand gelas het omdat hy onbewus was van die ander “helpers” se teenwoordigheid. Indien brandbestryders opdrag gekry het om van ‘n toneel te onttrek en hulle doen dit nie, kan hulle ingevolge die bepalings van die wet aangekla word dat hulle die persoon in beheer verhinder het in die uitvoering van sy pligte. Arrestasie van sulke persone is ook nie uitgesluit nie.)
- Goeie koördinering van aksies met die maak van ‘n teenbrand is noodsaaklik want dan het die span met **twEE vURE** te doen. Die teenbrand moet heeltyd onder beheer gehou word en moet ten alle koste verhoed word dat die teenbrand ook handuit ruk. **Windsterkte en -rigting** speel altyd ‘n vername rol in die sukses waarmee ‘n span ‘n teenbrand onder beheer kan hou. **Bogenoemde twee elemente van wind is onvoorspelbaar en een of albei die elemente kan binne enkele sekondes verander wat ‘n maklik beheerde brand in enkele sekondes in ‘n onbeheerbare inferno kan verander.**

## **Watter uitrusting is nodig om ‘n veldbrand te bestry?**

**22. Die wet skryf spesifiek die dra van beskermende klere voor vir mense wat by die bestryding van veldbrande betrokke is.** In die handel is sulke uitrusting wat spesiaal vir

**veldbrandbestryding ontwerp is, beskikbaar – teen ‘n HOË prys! Die uitrusting of materiaal wat vir die vervaardiging van die uitrusting gebruik word, word van die buiteland af ingevoer. Die prys wat op ‘n gegewe datum vir sulke items gekwoteer word, hang van die waarde van die Rand af teenoor buitelandse geldeenhede waarvandaan die invoere gedoen word.**

23. By gebrek aan die besit van ‘n stel beskermende uitrusting soos deur die wet voorgeskryf, is die dra van onderstaande items ‘n goeie alternatief :

23.1 ‘n **Mynhelmit** met ‘n gesigskerm vir beskerming van die kop of net ‘n gesigskerm om hitte van die gesig af te hou. (Verkrybaar by **Afrox** of hardware handelaars).

23.2 ‘n **Balaklava** wat vir brande van ‘n spesiale materiaal gemaak is om rook te filtreer en as isolasie teen hitte te dien. (**Nota : Daar is nie werklik ‘n alternatief vir ‘n balaklava wat vir brandbestryding gemaak is nie** en inwoners wat by brandbestryding betrokke is/raak word aanbeveel om die uitgawe aan te gaan en die regte item aan te koop. ‘n Nat sakdoek oor die mond en neus help ‘n bietjie maar bly steeds ‘n hoë risiko vir rook- en warmluginaseming wat skade aan die longe kan veroorsaak.)

23.3 ‘n **Gasmasker** met vervangbare filters wat spesifiek vir brande ontwerp is om rookinaseming te voorkom.

23.4 ‘n **Bril** wat ook bo-oor ‘n ander bril op die gesig pas om rook uit die oë te hou. (By Afrox en sommige hardware winkels wat sweistoerusting verkoop, is **UVEX**-brille beskikbaar wat ontwerp is vir gebruik by werk met masjiene wat vonke, skaafsels en saagsels vrystel.)

23.5 ‘n **Langmou baadjie WAT NIE VAN NYLON OF SOORTGELYKE MATERIAAL GEMAAK IS NIE.** Die baadjie dien as isolasie teen die hitte wat deur die vuur vrygestel word. ‘n **Denim**-oorpakbaadjie is ‘n goeie keuse. ‘n Langmou woltrui onder die baadjie dien tot verdere goeie isolasie. Hoewel hierdie klere warm kan wees as normaalweg gedra word, beskerm dit die vel teen die hitte van die vuur. **Hou in gedagte dat ‘n veldbrand op afstande van een tot een-en-‘n-halwe meter met ‘n brandslaanplak, rugsakspuit of rugsak-blower gedoen word.** Brandende en gloeiende stukkies gras en of boomtakkies word deur die turbulensie wat die vlamme veroorsaak, in die lug in opgeneem en kom af op die brandbestryders. Gloeiende gras of takkies laat Nylon klere smelt wat in die vel inbrand wat pynlik kan wees en dikwels moeilik en lank neem om te genees.

23.6 ‘n **Langbroek WAT NIE VAN NYLON OF SOORTGELYKE MATERIAAL GEMAAK IS NIE.** ‘n **Denim**-oorpaklangbroek is ‘n goeie keuse. Vir die voordeel daarvan sien paragraaf 23.5 hierbo.

23.7 ‘n **Paar leerstewels.** Meeste van die tyd is die terreine waar veldbrande bestry word ongelyk met polle, klippe, stompe, ysters, bottels of enige ander ondenkbare goed wat meestal onsigbaar

is waar die veld nog nie gebrand het nie. **Beskerm jou voete deeglik!** Hulle moet jou en jou toerusting heeltyd dra en miskien oor die weg kry om uit 'n gevaaargebied te vlug. (**Nota : Moet nie met sandale of plastiese skoene by 'n veldbrand opdaag nie. Die pyn van brandwonde sal jou lank na die brand nog herinner aan jou domheid.**)

23.8 **'n Paar leerhandskoene.** Dit beskerm jou hande teen die hitte van die vuur en die hitte wat deur die brandslaanplak of die beheerstok van 'n *blower* geleei word. Dit verleen ook beskerming teen brandwonde wat opgedoen kan word as jy deur of oor 'n heining moet kom waar sopas 'n vuur gebrand het. Die staal heiningdraad kan ontsettend warm raak en ernstige brandwonde aan onbeskermende hande veroorsaak as jy genoodsaak is om deur of oor 'n heining te kom.

23.9 Brandbestryding, hetsy met plakke, 'n rugsakspuit, meganiese blaser (*Blower*) of vuurvegter is gevaelik en uitputtend. Daarom is dit raadsaam om vir jouself vir 'n kort termyn vir oorlewing te sorg wat die volgende items insluit :

- 500 ml water – om dors te les en as teenvoeter vir dehidrasie;
- 2 PVM stafies – vir energie-aanvulling;
- 'n groot sakdoek - vir rookfiltrering - en 'n paar papier sneesdoekies;
- 'n "Multi Tool" of knipmes – vir oorlewing;
- 'n Kopflits – vir nagsig as die son gesak het;
- 'n Rolletjie of paar los pleisters – vir daardie onverwagse wonde;
- 'n Pen of potlood en 'n notaboekie of vel papier – vir nota's en kontakbesonderhede;
- 'n Selfoon en/of handradio - vir kommunikasie met die ander brandbestryders.
- Warm klere om jou in die nag na die vuur geblus is, warm te hou.

23.10 Vir die aankoop van of inligting oor beskermende klere en ander uitrusting vir gebruik by brande kan die volgende twee maatskappye gekontak word:

- **A.J. Charnaud & Company.** Telefoon: **011 794-6040**; E-posadres: [jhb@charnaud.co.za](mailto:jhb@charnaud.co.za); Webtuiste: [www.charnaud.co.za](http://www.charnaud.co.za)
- **Lymae.** Telefoon: **012 345-5885**; E-posadres: [sales@lymae.co.za](mailto:sales@lymae.co.za); Fisiese adres: **Sovereignweg 81, Irene Uitbreiding 10, Pretoria**; Webtuiste: [www.lymae.co.za](http://www.lymae.co.za).

## Die elemente van 'n vuur

24.1 **DRIE ELEMENTE** is nodig om 'n vuur aan die gang te hou:

24.1.1. **Brandbare materiaal;**

24.1.2 **hitte** om die brandbare materiaal tot by sy ontvlammingsstemperatuur te bring; en

24.1.3. **suurstof** om die brandproses aan die gang te hou.

Neem enigeen van die drie elemente weg en jy slaag daarin om die vuur te blus. In 'n veldbrand kan twee elemente nie maklik weggeneem word nie, naamlik die brandbare materiaal en suurstof. (Dit is waarom die wet vereis dat brandstroke vry van brandbare materiaal moet wees.)

24.2 Die doeltreffendste metode om 'n veldbrand sevlamme te blus is om die brandende materiaal (gras) se temperatuur tot onder die ontvlammingsstemperatuur af te koel. Dit is die funksie van die water van die vuurvegter of om dievlamme dood te blaas met 'n *blower*.

## Watter toerusting is nodig om 'n veldbrand te bestry

25.1 **Die vuurvegter.** Die doeltreffendste toerusting is 'n vuurvegter wat bestaan uit water in 'n tenk gekoppel aan 'n pomp wat deur 'n binnebrandenjin aangedryf word. Die water word onder hoë druk gelei met 'n pyp waaraan op die voorpunt 'n sproeikop of pistooltipe spuit (Engels: *nozzle*) gemonteer is. Die vloeい van die water word gereguleer deur die persoon wat die sproeistuk hanteer.

25.2 **Die funksie van die water van die vuurvegter is om die brandende materiaal soveel af te koel dat dit onder die brandende materiaal se ontvlammingsstemperatuur gebring word.** As gevolg van gras se dun halms is dit redelik maklik om die temperatuur daarvan onder die ontvlammingsstemperatuur te bring. **Daarom word die water direk teen die gras gespuit en nie hoër op teen dievlamme nie.** 'n **Bindingsmiddel** wat by die water gevoeg word, help dat die water nie vinnig teen die brandende materiaal afvloeи nie. 'n Goeie bindingsmiddel (wat nie skadelik vir jou pomp en pype is nie) is **Sunlight Liquid** of ander vloeibare seep wat in 'n verhouding van 1:1000 verdun word. (500 ml *Sunlight Liquid* by 500 liter water.) Die **Sunlight Liquid** help ook met smering van die pomp en vertraag die vorming van alge in die vuurvegtertenk se water as die vuurvegter vir lang tye ongebruik staan.

25.3 **Twee tipes pompe** word algemeen op vuurvegters gebruik :

- **piston pompe** (verkrybaar in verskillende groottes en geïdentifiseer aan die volume water wat per minuut gepomp kan word. Piston pompe se drukking kan verstel word van 'n lae druk tot 20 bar en meer. **Piston pompe vereis skoon water** – boorgat water of gesuiwerde munisipale water.); en
- **sentrifugale pompe** (ook verkrybaar in verskillende groottes wat in volume water per minuut gemeet word en voorts met **een** of **twee impellers** verkrybaar is. Laasgenoemde pomp lewer hoër druk en is vir die doel van vuurvegterpomp meer doeltreffend. **Sentrifugale pompe kan werk met water wat onsuiwerhede bevat** wat selfs uit 'n gronddam gepomp kan word. Sentrifugale pompe kan groot volumes water spuit wanneer benodig. Die nadeel is dat die watertenk van 'n vuurvegter baie vinnig leeg gepomp kan word as die water onoordeelkundig aangewend word.)

25.4 ‘n **Rugsakspuit** is ‘n draagbare watertenk wat met ‘n pompaksie van een hand drukking opbou sodat die water met ‘n pyp en ‘n druk afsnykraan na ‘n verstelbare sproeikop op die voorpunt van ‘n handstuk geleei word. Rugsakspuite is in groottes van 16 tot 20 liter in die handel verkrygbaar. ‘n Rugsakspuit word algemeen gebruik waar ‘n terrein ontoeganklik vir ‘n vuurvegter is byvoorbeeld in klapperige terrein. ‘n Rugsakspuit word ook doeltreffend gebruik om agter ‘n vuurvegter kleiner vlamende gras dood te spuit. **‘n Rugsakspuit is een van die items wat grondeienaars in baie Brandbestrydingsverenigings se beheergebiede MOET hê.**

25.5 **Vuurslaanplakke** word vervaardig van reghoekige **Conveyor Belt** wat wissel in groottes wat aan ‘n houtsteel of aluminium pyp vasgemaak is. (**Nota :** Stele wat van aluminium pyp gemaak is, kan baie warm word omdat aluminium hitte so goed geleei. Skaf plakke aan met houtstele as ‘n keuse gemaak kan word.) Die plakke word baie effektief aangewend om kleiner vlamme agter ‘n vuurvegter dood te maak sodat dit nie vir ‘n vuurvegter nodig is om om te draai om vlamme wat agterna weer opgeslaan het, te gaan doodspuit nie. ‘n Groep mense wat as ‘n span langs mekaar inval om ‘n veldbrand te bestry, kan baie suksesvol wees en vining vorder mits die wind nie te sterk is nie en die gras nie lank is nie. Brandslaners met plakke beweeg feitlik teenaan die vlamme en is blootgestel aan geweldige hitte en rook. Beskermende klere vir hulle is noodsaaklik. **In sommige Brandbeskermingsverenigings se beheergebiede is minstens TWEE vuuslaanplakke verpligte toerusting per huishouding.**

25.6 **Staal tuinharke.** Harke het ‘n tweeledige doel. Eerstens word ‘n hark effektief gebruik om teenbrande te maak. Los gras word bymekaar gehark, aan die brand gesteek en dan word die brandende gras aan die hark gebruik om veldgras vining op spesifieke plekke aan die brand te steek. Tweedens word die hark gebruik om gloeiende kole van gras, houtstompe en mis van beeste, perde, donkies en wild van die vuurlyn af weg te hark in die gebrande gedeelte in. ‘n Ligte wind kan klein kooltjies van stowwe hierbo genoem teen ongebrande gras vaswaai en sodoende weer ‘n veldbrand aan die gang sit. Menige veldbrande wat suksesvol onder beheer gebring is, het ure nadat die brandspanne onttrek het, weer opgevlam omdat daar nie toegesien is dat gloeiende meteriaal ver genoeg van die brandlyn verwijder is nie.

25.7 **Spitvurk met ‘n steel wat ‘n hoek van 90° met die tanden vorm .** Die spitvurk dien dieselfde doel as ‘n tuinhark maar is met die langer tanden meer effektief met die verwydering van dik smeulende boomstompe en groot bondels gras wat van die vuurlyn verwijder moet word.

25.8 **‘n Kombinasie tang en/of kantsnyer (side cutter)** ‘n Kombinasie tang waarvan die handvatsels verkiestlike geïsoleer is om by elektriese installasies te kan werk en wat staaldraad maklik kan knip, is ‘n onontbeerlike stuk gereedskap vir ‘n persoon wat hom op die toneel van ‘n veldbrand begewe. Dikwels word veldbrande deur heinings, hetsy in binnekampe van

'n grondeienaar of van grensdrade tussen bure aangedryf. Om 'n veldbrand suksesvol te bestry moet die draad dan geknip word om met vuurvegters of brandslaners gemaklik deur die draadversperring te kan beweeg om die bestrydingsaksie onverpoosd voort te sit. Vir geëlektrifiseerde heinings is die tang met die geïsoleerde handvatsels dan nodig sodat die gebruiker van die tang nie 'n elektriese skok ook nog opdoen nie net omdat hy 'n veldbrand help bestry. Diere – beeste,skape, bokke en wild - word dikwels by heinings van kampe vasgekeer wanneer hulle voor 'n deur-wind-aangedrewre veldbrand weghardloop. In so geval is 'n tang die gereedskap wat gebruik word om heiningdrade te knip sodat die diere na veiligheid kan vlug.

**25.9 'n Boutsnyer (bolt cutter) van 450mm of groter.** Daar is baie meer hefboomkrag op 'n boutsnyer as 'n tang of kantsnyer. Vir die brandbestryder wat met 'n plak of rugsakspuit moet werk, gaan die grootte en massa van 'n boutsnyer 'n lastigheid of ondraaglikheid raak. Dit is 'n handige stuk gereedskap om op 'n vuurvegtervoertuig te hê en te gebruik waar 'n tang of kantsnyer te lig is vir die werk wat vereis word.

**25.10 'n Drupper.** 'n Drupper is 'n staal kan met 'n volume-inhoud van 3 tot 5 liter waarin 'n brandstofmengsel van **vier dele diesel en een deel petrol** gehou word. Die drupper is aan die bokant voorsien van'n stopkraantjie en 'n staalpyp van 60 tot 75 cm lank met asbeswol aan die voorpunt. Wanneer die drupper omgekeer word en die kraantjie oopgemaak word vloei die branstofmengsel in die pyp na die asbeswol wat aangestEEK word om te brand met 'nvlam. Die drupper word dan gebruik om veld mee aan die brand te steek wanneer teenbrande gemaak word. Droppers is normaalweg deel van lede wat met vuurvegters werk, se toerusting. **Addisionele druppermengsel** in 'n kan op die vuurvegtervoertuig is belangrik omdat daar nie ver gevorder word met 3 to 5 liter brandstofmengsel vir 'n groot teenbrand nie.

**25.11 Vuurhoutjies en/of aansteker (lighter).** **Vuurhoutjies en/of 'n aansteker behoort deel te wees van elke persoon wat by brandbestryding betrokke is, se toerusting – al is hy nie 'n roker nie!** Om 'n teenbrand te kan maak is vuurhoutjies of 'n aansteker nodig. **Nuttige wenk:** As jy in die veld is en deur 'n naderende weghol veldbrand bedreig word waarvoor jy nie sal kan ontflug nie, kan jy die veld by jou aan die brand steek sodat die wind dit van jou af wegdryf. As dit ver genoeg weggebrand het, kan jy in die gebrande gedeelte gaan skuil sodat die aanstormende vuur jou nie oorval nie. (**Nota :** Veldbrande kan so vining versprei as wat die wind waai. Met 'n windsSpoed van 40 kilometer per uur het geen mens kans om veilig voor so brand weg te hardloop nie. Dood is jou voorland!)

**25.12 'n Koplig en/of klein sterke flits.** Baie veldbrande wat gedurende die dag begin, hou aan tot in die nagtelike ure. 'n Koplig is onontbeerlik vir die volgende gebeurlikhede :

- om jou weg te vind in die donker as daar nie meer lig van die vlamme is nie;
- om die watervlak van jou vuurvegter na sononder na te gaan;
- om herstelwerk aan jou voertuig of vuurvegter te kan doen en vele meer.

25.13 ‘n **Sleeptou** : Veldbrande is nie kieskeurig waar hulle brand nie. Hulle brand in die rigting waarheen ‘n wind hulle aandryf ongeag hoe die terrein se voorkoms is. In die proses om die brand geblus te kry, beland mense met vuurvergters dikwels in vleilande of selfs net stroke wat nat is, wat tot gevolg het dat die voertuie vassit en uitgeleep moet word deur een of meer ander voertuie. ‘n Sterk sleeptou, -kabel of ‘n ketting is dus een van die noodsaaklike toerustingstukke van ‘n vuurvegter. Saam daarmee moet ten minste **twee sterk D-skakels (D-shackles)** gehou word.

25.14 ‘n Ekstra **STARTERTOU** vir die vuurvegterpomp se enjin : Vuurvegters werk onder uiterste omstandighede en is aan hoë temperature by ‘n veldbrand blootgestel. Die nylon tou van die vuurvegterpomp se enjin verweer dus vinniger. Menige vuurvegters moes al van veldbrandtonele onttrek omdat die startertou op die toneel gebreek het. Die startertou van die meeste enjins kan binne ‘n paar minute vervang word as ‘n vervangende tou op die toneel beskikbaar is. **Dit is dus ook noodsaaklik dat saam met die tou die basiese gereedskap (spanners) om die tou te vervang, beskikbaar moet wees.**

25.15 ‘n **DCP-BRANDBLUSSER (D=Dry, C=Chemical, P=Powder)** ontwerp vir die blus van elektriese en petroleumbrande as deel van die toerusting by ‘n vuurvegter. Dit is nie om die veldbrand te bestry nie, maar om vlamme op die vuurvegtervoertuig of vuurvegterpomp se enjin te blus. Tydens die bestryding van veldbrande moet dikwels met die vuurvegtervoertuig oor brandende gras of boomtakke gery word om met die bestrydingsaksie te kan aangaan of daarvandaan na veiligheid te onttrek. In die proses raak van die buitebande van die voertuig of die vuurvegtersleepwa aan die brand en soms ook plastiek dele van die vuurvegtervoertuig. ‘n Brandrisiko van die vuurvegtervoertuig verhoog as die watertenk van die vuurvegter leeg gebruik is en daar nie meer water beskikbaar is om die bande van die voertuig nat te spuit om af te koel nie. **Wanneer die brandstof van die sleepvoertuig of die vuurvegterenjin vlam gevat het, moet WATER NOOIT GEBRUIK WORD om daardie vlamme te blus nie. Dan kan slegs die regte brandblusser, hierbo beskryf, gebruik word.**

25.16 ‘n Hoë-volume-hoë-spoed **Rugsakblaser (Ultra-high-volume Backpack Blower)**. Dit is ‘n petrolaangedrewe blaser wat spesiaal vir veldbrande ontwerp is. Reg toegepas, word die vlamme van ‘n veldbrand doodgeblaas soos ‘n kers sou doodgeblaas word. (**Nota : Dit is baie belangrik dat die persoon wat die toestel gebruik, ten volle met beskermende klere uitgerus is. Die blaser blaas warm grashalms die lug in wat neersak op die persoon wat die blaser hanteer. Sonder beskermende klere (wat balaklava, helm en bril insluit) kan ernstige brandwonde**

**opgedoen word. Dit is ook goed om ander klere onder die brandweerbroek en baadjie aan te trek om die vel teen die hitte te beskerm omdat die materiaal waarvan die brandweer klere gemaak is nie sal brand nie maar hulle word baie warm wat die hitte oordra na die vel toe wat brandwonde en blasé kan veroorsaak.**

## **Kinders by ‘n veldbrand**

26.1 Weens die onvoorspelbaarheid van ‘n veldbrand wat in enkele sekondes van ‘n oënskynlike klein vuurtjie in ‘n vernietigende inferno kan verander, **MOET GEEN KINDERS BY ‘N VELDBRAND TOEGELAAT OF IN DIE NABYHEID DAARVAN GEBRING WORD NIE.**

26.2 Kinders wat ‘n ouderdom bereik het waar hulle kan onderskei tussen risiko’s en veilige omgewings en wat fisies en geestelik volwasse genoeg is om by brande betrokke te raak, kan **ONDER DEURLOOPENDE TOESIG VAN HUL OUERS** in die omgewing waar ‘n veldbrand deur die ouers bestry word, gebring word met die doel om daardeur geleer te word hoe en waarmee veldbrande bestry word **MITS die kinders toepaslike beskermende klere en uitrusting aan het.** Ingevolge die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande mag kinders onder die ouderdom van 16 jaar nie aan brandbestryding deelneem nie.

26.3 Kinders wat aan veldbrande blootgestel word kan permanente gesondheidsletsels tydens so veldbrand opdoen. Gesondheidsprobleme wat deur rookinaseming veroorsaak is, word dikwels eers lank na so blootstelling aan ‘n veldbrand ontdek en word die verwantskap van so probleem nie altyd met ‘n veldbrand, wat lankal vergeet is, gekoppel nie. (Sien paragraaf 28.1 oor **Rookinaseming** hieronder)

## **Voertuie by ‘n veldbrand**

27.1 **PARKERING VAN VOERTUIE WAT NIE VUURVEGTERS IS of SLEEP NIE :** As jy by ‘n veldbrand opdaag met die doel om hulp te verleen en jou voertuig word nie gebruik as ‘n vuurvegter nie, moet jou voertuig op ‘n veilige plek geparkeer word waar **dit nie ‘n obstruksie vir die brandbestryders sal wees nie. Die veiligste plek is waar die veld reeds afgebrand het en daar nie meer gloeiende gras of boomreste is nie.**

27.2 **VERBODE PARKEERPLEK : Moet nooit jou voertuig in ongebrande gras parkeer nie.** Jy mag vind as jy van die brand af teruggekeer het dat jou voertuig ook uitgebrand het.

## **Risiko’s by veldbrande**

28. Veldbrande hou bepaalde risiko’s in vir die persoon op wie se grond dit voorkom, sy bure, vee en wilde diere, voëls en insekte, sowel as elkeen wat met die bestryding daarvan betrokke is.

Dit hou ook risiko's in vir persone wat bloot net in die omgewing daarvan is of verby gaan. Hieronder word enkeles genoem:

28.1 **ROOKINASEMING : Rook kan die laksman van brande genoem word. Meer mense sterf jaarliks van rookinaseming as aan brandwonde.** Rook bestaan basies uit **ongebrande deeltjies** van die stof wat brand en kan verskeie **toksiese elemente** bevat. Die rook word veroorsaak omdat daar nie voldoende suurstof en hitte beskikbaar was om die verbrandingsproses te voltooi nie. Rook wat ingeasem word, beskadig die lugweë en longe en voorkom dat die longe voldoende suurstof kan opneem wat noodsaaklik is vir die funksionering van die organe. Hoewel die brein ongeveer 2% van 'n persoon se liggaamsgewig uitmaak, het die brein 20% van die suurstof nodig wat deur die longe geproduseer word om ten volle te funksioneer. Behalwe dat rook oë kan laat brand en sig belemmer, kan rook mens benoud maak, disoriënteer en paniekbevange maak. Erge benoudheid tree in en logiese denke en reaksie daal na dievlak van 'n kleuter. Permanente skade aan die longe kan veroorsaak word wat dikwels eers op 'n stadium lank na die inaseming van die rook waargeneem en geïdentifiseer word. Siektes soos asma, kroniese bronchitis en emfiseem kan gevolge van rookinaseming raak en mense wat reeds sulke siektes onderlede het, se toestande sal vererger met rookinaseming. **Mense wat rook ingeasem het en gedisoriënteerd geraak het moet so gou moontlik na 'n hospitaal afgevoer word en behandeling kry. Wanneer behandeling nie betyds verkry word nie kan die dood intree!** (Wenk : Deur laag te buk naby 'n veldbrand is die rook en hitte minder.)

28.2 **ELEKTRIESE SKOK ONDER ESKOM HOOGSPANNINGKABELS:** Gras wat brand veroorsaak gewoonlik 'n digte rookwolk, meestal wit tot liggrys of donker grys of bruin van kleur. Die rook is hoofsaaklik ongebrande koolstof. Koolstof is 'n goeie geleier van elektrisiteit. 'n Digte rookwolk onder Eskom hoogspanningskabels kan die elektrisiteit van die kabels af na die aarde geleei by wyse van 'n vonk soortgelyk aan 'n weerligstraal. 'n Elektriese vonk soek die kortste roete tussen twee punte. 'n Mens se liggaam is ook 'n geleier van elektisiteit. Sou jy jou dus in 'n rookwolk onder 'n hoogspanningskabel bevind, is die kans goed dat die vonk van die hoogspanningskabel jou liggaam sal "uitsoek" om te ontlai omdat jou kop nader aan die kabel as die grond onder jou voete is. **Daarom : Bly weg van Eskom se kraglyne af waar 'n veldbrand voorkom.**

28.3 **ROOK WAT OOR 'N PAD WAAI :** Dikwels waai **digte** rook van 'n veldbrand oor 'n pad as die wind in die pad se rigting waai. **Moet NOOIT in daardie rookwolk inry nie!!** Sigbaarheid word ingekort, soms tot minder as jou voertuig se enjinkap se voorkant. Die rook veroorsaak 'n suurstof tekort wat jou motor se enjin kan laat stol. Die rook kan ook die binnekant van jou voertuig penetreer wat jou oë kan brand en jou laat rook inasem. (Sien paragraaf 28.1 hierbo.) Baie mense wat in 'n

rookwolk inry hou stil wanneer die rook hul oorval en word van agter of van voor af deur ander motors gestamp. Weens gebrek aan sigbaarheid beweeg mense dikwels na die middel van die pad toe uit vrees dat hulle na links van die padopervlakte sal afry. Mense wat van die teenoorgestelde rigting in die rookwolk inry doen dieselfde en so vind dikwels kop-aan-kop-botsings in die middel van 'n pad plaas met dikwels nootlottige gevolge en/of ernstige beserings van die insittendes. Gevalle het ook al voorgekom dat die voertuig gestol het as gevolg van 'n gebrek aan suurstof of waar die bestuurder stilgehou het omdat gebrekkige sigbaarheid die voortsetting van die reis onmoontlik gemaak het. Wanneer die brandende gras die kant van die pad bereik, is die hitte soms so hoog dat die voertuig aan die brand slaan en die insittendes verkool.

**28.4 RISIKO'S VIR VOERTUIE OP ONBEKENDE TERREINE : Vermy sover moontlik om met vuurvegters in ongebrande gras te ry.** Mense met vuurvegters verleen gewoonlik hulp op ander mense se eiendom waar die terrein meestal nie aan die bemanning van die vuurvegter bekend is nie. Lang gras kan baie dinge verbloem wat vir die vuurvegter en sy bemanning erge skade aan die voertuig of beserings van die bemanning kan veroorsaak. Sulke verbloemde goed is byvoorbeeld klippe, betonblokke, kort boomstompe, ysters, penne, stukkende bottels, erdvarkgate, slote, dongas en stukke drade. Menige brandbestryders het al ernstige skade gely aan vuurvegtervoertuie – bakkies en sleepwaens – wat veroorsaak is deur een of meer van bogenoemde voorwerpe wat onsigbaar in die gras gelê het. Partykeer is ernstige skade al opgedoen nog voordat by die brandtoneel uitgekom is. **Dit is waarom brandstroke so belangrike rol speel in die vinnige en veilige bereiking van 'n brandtoneel deur die brandbestryders met vuurvegters en om mense met plakke, rugsakspuite en rugsak-blowers by of naby die veldbrand af te laai.**

## Waterpunte

29.1 Met waterpunte word bedoel plekke waar vuurvegters weer vol water gemaak kan word wanneer hul water op die veldbrand opgebruik is. Dit het al dikwels gebeur dat 'n veldbrand bykans onder beheer gebring is dan raak die vuurvegter(s) se watervoorraad op. Die vuurvegter(s) moet dan van die toneel onttrek om by die naaste aanvullingspunt weer vol water te gaan maak. Soms is so wateraanvullingspunt ver van die brandtoneel af met gevolg dat die vuurvegter se afwesigheid van die brandtoneel lank neem in terme van tyd. Intussen brand die vuur terug teen die gedeeltes waar dit reeds dood gespuit is.

29.2 Terwyl die vuurvegter(s) van die toneel af weg is, vergroot die oppervlakte wat weer brand met gevolg dat die vordering wat met die blus van die veldbrand gemaak is, tevergeefs was.

29.3 Dit is ook belangrik dat die volume water by die waternaamvullingspunte voldoende is. Dikwels is die volume water voldoende maar die volume water wat getap kan word neem lank om die vuurvegter vol te maak omdat die pypdeursnee van die waterbron af, klein is.

29.4 Die ideale waternaamvullingspunt is 'n tenk op 'n stellasie met 'n oorhoofse horisontale pyp van ten minste 40 millimeter deursnee, toegerus met 'n stopkraan en 'n sagte pyp vanaf die oorhoofse pyp wat vertikaal afwaarts hang sodat dit tot binne in die vuurvegters, wat onder die oorhoofse pyp geparkeer word, se tenks water kan uitlaat. **Die volume water wat vrygestel kan word moet ten minste 100 liter per minuut wees.**

29.5 As daar lede van die gemeenskap in die omgewing is wat watertenks op sleepwaens of trokke besit, kan die effektiwiteit van vuurvegters baie verhoog word as sulke watertenkers met water tot by of naby die brandtoneel gebring word sodat vuurvegters uit so tenkwa waternaamvulling kan doen.

## Kommunikasie

30. Kommunikasie op 'n brandtoneel is noodsaaklik, veral waar die brand oor 'n lang afstand voorkom en in gevalle waar die brandbestryders deur rantjies, koppe, berge, spruite of riviere geskei word. Die persoon wat die brandbestryding moniteer en koördineer moet deurlopend op hoogte gehou word hoe die brandbestryders vorder met die blus van die brand. Plantegroei se stand, voggehalte en windrigting en -sterkte, is faktore wat deurlopend die sukses of gebrek aan sukses met die bestryding van die veldbrand beïnvloed. Oor 'n groot geografiese gebied waar 'n veldbrand voorkom, variëer die plantegroei dikwels met gevolg dat die koördineerder by wyse van deurlopende kommunikasie op hoogte gehou moet word sodat prioritisering gedoen kan word indien dit nodig is. Soms vereis omstandighede dat brandbestryders na plekke verskuif moet word waar risiko's groter is, soos byvoorbeeld waar strukture beveilig moet word of vasgekeerde vee gered moet word.

## Kommunikasietoerusting

31.1 **TWEERIGTING-RADIO'S is die beste toestelle vir kommunikasie tydens 'n veldbrand. Dit is belangrik dat die brandbestryders radio's het wat op dieselfde frekwensie ingestel is. Twee tipes is beskikbaar: Vir voertuie en handradio's. Die handradio's se batterye het beperkte dienstyd voordat hulle weer gelaai moet word. 'n Veldbrand wat langer as 6 ure woed, kan veroorsaak dat brandbestryders se kommunikasie met handradio's beëindig word.**

31.2 **SELFONE** het kommunikasie vergemaklik mits die area waar die brand bestry word in die opvangsgebied van die verskillende diensverskaffers is. Om 'n oproep te beantwoord wanneer 'n selffoon lui, is nie altyd moontlik nie wanneer 'n brandbestryder besig is met sy taak. Dieselfde geld

as hy 'n oproep wil maak. Hy is meestal onaktief as hy 'n gesprek op die selfoon voer. By gebrek aan die beskikbaarheid van 'n tweerigting-radio, is 'n selfoon die beste alternatief.

## Instandhouding van Toerusting

32. Die instandhouding van die toerusting wat by veldbrande gebruik word, is noodsaaklik. Veldbrande ontstaan enige tyd van die dag of nag. Dus moet toerusting te alle tye gereed wees vir onmiddellike gebruik.

32.1 **LUGFILTERS:** Hou die lugfilters van die vuurvegtervoertuig en die pomp se enjin te alle tye skoon. Tydens 'n veldbrand word baie rook en verbrande grasdeeltjies wat in die lug sweef, deur die enjins opgesuig. Die lugfilters pak vining toe wat veroorsaak dat die enjins smoor met gevolg dat daar kragverlies is en hoër brandstofverbruik. In erge gevalle sal 'n enjin nie eers gestart kan word as die lugfilter te vuil is nie.

32.2 **ENJINOLIE:** Vervang enjinolie meer gereeld. Die enjins wat die pompe van die vuurvegters aandryf het meestal nie oliefilters nie. Onsuiwerhede wat nie deur die lugfilter gekeer kan word nie beland in die enjinolie wat die smeervermoë van die enjin negatief beïnvloed.

32.3 **YSVORMING:** Wanneer water ys, sit die volume daarvan uit. Daarom is dit raadsaam om gedurende die wintermaande te verseker dat die vuurvegters se pompe – pistonpompe en sentrifugale pompe - nie water in het nie om te voorkom dat ysvorming die pompe kraak. **Dieselde geld vir die pistooltipe sproeispuite (nozzles) van die vuurvegters.**

32.4 **KOROSIE:** Nadat 'n vuurvegter gebruik is, **MOET die water uit die pompe dreineer word** om korosie (van veral pompe wat van aluminium vervaardig is) te voorkom. Water met 'n hoë alkaliiese of suurinhoud vreet die metaal weg wat die effektiwiteit van die pompe negatief beïnvloed of die pompe onbruikbaar maak of selfs heeltemal vernietig.

32.5 **GHRIES VAN PISTONPOMPE:** Pistonpompe het aan die bokant van elke piston 'n doppie waarin ghries geplaas word om die pistons te smeer. Vul die ghries gereeld tydens gebruik van die pompe aan en gee met elke keer as die pomp by 'n veldbrand gebruik word, twee volle omwentelings om die pistons te kan smeer.

32.6 **DRUKREGULEERKLEP OP PISTONPOMPE:** Op pistonpompe is daar drukreguleerkleppe – verskillende tipes (Engels: unloader valves). Doen gereelde verstellings op die kleppe van minimum na maksimum druk. Dit voorkom dat kalkneerslae of sediment op die kleppe pak en daardeur hul funksionele werking beïnvloed of staak. Die skroefdraad op sommige tipes drukbeheerkleppe moet ook gereeld gehries word om roesvorming te voorkom.

**32.7 OLIE VAN PISTONPOMPE:** Maak seker dat pistonpompe se olie altyd op die regtevlak is. Dit word ook aanbeveel dat pistonpompe se olie jaarliks met skoon olie vervang word. Wanneer die olie 'n melkerige kleur het, dui dit aan dat daar water by die olie gekom het. Dit moet onmiddellik afgetaap en met skoon olie vervang word om roesvorming op die binnekant van die pomp se meganiese onderdele te voorkom.

## Oorsake van veldbrande

33. Baie veldbrande word **opsetlik** deur mense aangesteek en baie word deur **nalatigheid** veroorsaak soos byvoorbeeld die brand van asgate, plantreste van tuine, stoppels op lande, of boomtakke en -snoeisels van boorde sonder dat voorsorgmaatreëls teen die verspreiding van die brand getref word. Ander oorsake is ook: sigaretstompies wat by motorvensters uitgegooi word; braaivlaievure en potjiekosvure wat nie doodgemaak word nie wanneer die kuier verby is; vure wat langs paaie deur pendelaars gemaak word om die koue te breek in afwagting vir 'n taxi of bus; soms ontstaan veldbrande deur weerlig; in bergagtige gebiede veroorsaak vallende rotse vonke wat ook tot veld- of bosbrande kan lei; voertuie wat aan die brand raak as gevolg van defekte; voertuie wat in botsings betrokke is en aan die brand slaan; spontane ontbranding van komposhope; veldbrande wat nie behoorlik geblus word nie – mis van beeste, perde, donkies en wild wat tydens 'n veldbrand nie heeltemal geblus is of ver genoeg van die brandlyn verwijder is nie; smeulende plante – sekere soorte aalwyne; boomstompe kan vir dae lank smeul na 'n veldbrand en kan weer ontvlam sodra daar 'n sterk genoeg wind is wat vlamme kan veroorsaak; die gebruik van hoekslypers (angle grinders) en/of sweismasjiene in die veld om aan toerusting of heinings te werk sonder dat die nodige voorsorgmaatreëls teen die ontstaan van 'n veldbrand getref is en voldoende brandbestrydingstoerusting op die toneel waar gewerk word, gereed te hê om 'n brand wat ontstaan, onmiddellik te kan blus.

## Versekering: Roerende en Onroerende Eieindom

34. Baie skade aan of vernietiging van roerende en onroerende eiendom was al die gevolg van veldbrande. Dikwels word die skade gely as gevolg van veldbrande wat elders ontstaan het en nie onder beheer gebring kon word nie. Dit is dus raadsaam om seker te maak dat die versekering wat u het, skade wat deur veldbrande veroorsaak is, sal uitbetaal. **Daar rus egter ook 'n plig op die versekerde om die nodige minimum voorsorgmaatreëls te tref teen skade wat gely kan word deur veldbrande.** So byvoorbeeld sal 'n assessor inspeksie doen wanneer 'n eis vir skade ingedien is om te bepaal of die voorskrifte van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 (Wet 101 van 1998) nagekom is in terme van die maak van brandstroke; of gras kort gesny was om geboue en waar roerende eiendom gestaan het. (**Nota :** Sien die aanhaling uit die Gauteng

***Smallholder's Companion & Buyer's Guide – 2014*** in paragraaf 11 hierbo.) Sommige versekeraars vereis dat 'n eiser lid van 'n brandvereniging moet wees. Daarvoor word die Bestuur van 'n brandvereniging genader om bewys van opbetaalde lidmaatskap van 'n eiser te bevestig deur kopieë te voorsien van 'n eiser se aansoekvorms om lidmaatskap en kwitansies vir betaling van ledegeld of 'n sertifikaat wat deur die brandbeskermsvereniging aan 'n lid uitgereik word waarin sy lidmaatskap en tydperk van lidmaatskap uiteengesit is.

## **Versekering: Persoonlike Regsaanspreeklikheid**

35.1 Wanneer 'n veldbrand nie tot jou eie eiendom beperk kan word nie en oorwaai na 'n buurman wat as gevolg van so onbeheerde veldbrand skade ly, kan 'n eis vir skadevergoeding teen jou ingestel word. Selfs as die brand nie eers op jou plek ontstaan het nie maar van 'n ander buurman se grond na jou eiendom oorgewaai het, is skadevergoeding van jou verhaalbaar. Dit is dus raadsaam om seker te maak dat jy verseker is vir persoonlike regsaanspreeklikheid.

35.2 Eise was ook al suksesvol waar werknemers beserings opgedoen het in die bestryding van veldbrande op sy werkgewer se eiendom of op ander eiendom as sy werkgewer s'n waar hy in opdrag of in belang van sy werkgewer veldbrande bestry het. Weereens kom nakoming van die voorskrifte van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 (Wet 101 van 1998) ter sprake. Indien 'n werknemer uit die aard van sy diens 'n besering tydens die bestryding van 'n veldbrand opgedoen het sonder dat hy beskermende klere teen veldbrande aangehad het, (soos deur die wet voorgeskryf) kan 'n versekeraar weier om die eis uit te betaal en word die werkgewer aanspreeklik gehou vir die betaling van die eis van die werknemer. Afhangende van die aard en ernstigheid van die besering, kan so eis honderde huisende rand wees. Dit is dus nodig om seker te maak wat die voorwaardes is van die versekeraar vir 'n eis van die aard. **Voorts moet kennis geneem word dat 'n werkgewer te alle tye aanspreeklik gehou word vir die doen of late van 'n werknemer sover dit die bepalings van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande betref.**

## **Die hulp van mense wat nie fisiese by bestryding van 'n veldbrand betrokke kan raak nie, is onontbeerlik**

36.1 Baie mense wat grond besit/huur/okkupeer se fisiese toestand is van so aard dat hulle nie betrokke **kan** raak by die fisiese bestryding van veldbrande nie. Hierdie kategorie sluit ou mense, vrouens en kinders en veral mense met long- en hartkuale of een of ander vorm van liggaamsgebrek het, in. Dit is vir sulke mense en die mense wat by die bestryding van veldbrande betrokke is, beter dat bogenoemde kategorie mense wegblê van veldbrandtonele af want hulle kan bes moontlik deel van die probleem raak in plaas van die oplossing om die veldbrand te bestry.

36.2 Bestryding van 'n veldbrand verg goeie gesondheid, fiksheid en goeie koördinasie en kommunikasie. Bestryding van veldbrande kan ontsettend uitputtend wees veral as dit oor 'n paar uur strek. Brandbestryders word aan hoë temperature blootgestel en daarby word baie energie gebruik om die brand met plakke, rugsakspuite, meganiese blasers (Blowers) of 'n vuurvegter te bestry. Die energieverbruik deur mense wat by groot veldbrande betrokke is, is vergelykbaar met 'n marathonwedloop. Net soos 'n enjin wat swaar werk meer brandstof verbruik en aangevul moet word om te kan aanhou, ***het die mense wat by die bestryding van 'n veldbrand betrokke is, voedsel en waternaamvullings nodig om dehidrasie en hitte-uitputting te voorkom.***

36.3 **Dit is waar die rol en hulp van diegene wat nie fisies die brande kan bestry nie, onmisbaar is.** Daardie persone kan water, koeldrank en toebroodjies of enige ander voedsel vir die brandbestryders voorsien om hulle in staat te stel om met hul take te kan aangaan. Sommige brandverenigings is so georganiseer dat, wanneer die manne uitgaan na 'n brandtoneel toe, reël van die vrouens vir die nodige verversings en die vervoer daarvan na die brandbestryders toe. Dit is ook nodig dat die verspreiding van die versersings so gedoen word dat elkeen wat by die brandtoneel is, sy deel van die verversings kry. Kommunikasie met die koördineerde op die brandtoneel word aanbeveel sodat die getalsterkte van die brandbestryders korrek aan die voorsieners van die verversings verstrek kan word.

## Optrede by 'n veldbrand

37.1 ***Elke veldbrand moet op sy eie ge-evalueer word*** aan die hand van die faktore reeds hierbo genoem. Wat hieronder volg, is aksies wat meestal suksesvol met die meeste veldbrande toegepas kan word. Maar voordat jy na die veldbrandtoneel vertrek, doen eers die volgende:

- Verseker dat die vuurvegter se tank vol water is en die benatter bygevoeg is;
- Verseker dat die enjin van die vuurvegterpomp vol brandstof en olie is; die pomp se olievlak reg is; dat die sleepvoertuig genoeg brandstof in het en die bande reg is.
- Start die vuurvegterpomp se enjin en let op vir waterlekke, voldoende druk en dat die sproeikop(pe) reg werk.
- Maak seker dat jy al die toerusting en uitrusting wat gebruik kan/moet word, gelaai het. (Sien paragrawe 22, 23 en 25 hierbo.)

**As al bogenoemde aksies uitgevoer is, is jy eers gereed om na die brandtoneel toe te vertrek.** Die paar minute wat spandeer is om dit te doen, gaan ure se tyd en baie frustrasies spaar as jy by die brandtoneel aangekom het en vind dat van die bogenoemde voorsorg gedoen moes word maar nie gedoen is nie!

**37.2 Op 'n veilige plek naby die brandtoneel hou jy stil.** Gaan weereens die toerusting na om te verseker dat daar in transito nie iets nadeligs met die toerusting gebeur het nie. Doen die volgende:

- Trek jou volledige beskermende stel klere aan: Balaklava, helmit, bril, baadjie, broek, stewels en handskoene.
- Start die vuurvegter se pompenjin en toets waterdruk en sproeiers.
- Meld by die persoon in beheer van die brandtoneel aan en ontvang instruksies wat om te doen.

As al begenoemde aksies uitgevoer is, is jy gereed om jou deel te doen.

**(Wenk 1 : Moet nooit jou vuurvergtersleepvoertuig en die pompenjin afskakel indien jy vir kort rukkies onaktief by die brandbestryding betrokke gaan wees nie.** Laat hulle luier om vining weer gereed te wees vir aksie. As die tydsuur lank gaan wees, gaan parkeer op 'n veilige plek – klaar gebrande gedeelte of 'n plek waar geen brandbare materiaal is nie. **Rede:** Sommige pompenjins start nie maklik as hulle warm is nie. Dis wanneer startertoue afgeruk word in 'n poging om hulle weer aan die gang te kry. As jy nie op so-iets voorbereid is nie, is jou betrokkenheid by die bestryding van die brand be-eindig. Enjins wat lank luier se vonkproppe (plugs) kry koolstofdeeltjies wat tussen die elektrodes oppak en 'n "kortsluiting" veroorsaak en voorkom dat daar 'n vonk spring. Hou 'n vonkpropsleutel (plug spanner) byderhand om die koolstofdeeltjies tussen die elektrodes te kan verwijder.)

**(Wenk 2 : Verf jou toerusting geel of oranje om makliker sigbaar te wees as van hulle in die gebrande gedeelte van die brandtoneel gebruik of gelaat word. Veral vuurslaanplakke is nie maklik sigbaar as hulle op die gebrande gedeelte lê nie.)**

**37.3** 'n Ideale span is 'n vuurvegter wat met water voor gaan om die vlamme met water te blus. Direk agter die vuurvegter kan een of meer persone met vuurslaanplakke kleiner vlamme wat nie doodgespuit is nie, volg. In klipperige omgewings is 'n persoon met 'n rugsakspuit meer suksesvol om klein vlammetjies tussen die klippe dood te spuit. Na die vuurslaanplakke kan 'n persoon met 'n hark gloeiende boomtakke, mis van diere en gras van die vuurlyn af weghek. Verskeie spanne kan so saamgestel word om die veldbrand op verskillende plekke onder beheer te bring.

**37.4 Gewoonlik is dit moeilik om met 'n vuurvergtersleepvoertuig agteruit te ry,** veral as die vuurvegter 'n sleepwaentjie is. Voertuie wat vuurvegterwaentjies sleep is geneig om te "knipmes" as agteruit gery word. As dit nodig sou wees om vinnig tussen die bome of geboue of uit 'n laning te onttrek, kan 'n waentjie wat knipmes die oorsaak wees dat jy nie betyds kan wegkom nie met gevolg dat jy die risiko loop om skade aan jou voertuig op te tel of selfs beserings kan opdoen of rook kan inasem. **Daarom: Indien 'n veldbrand bestry moet word tussen bome of lanings of**

in deurgange tussen geboue wat te nou is om met 'n vuurvegter met veiligheid te kan omdraai, is dit beter om met die vuurvegter agteruit tussen die bome, die laning of tussen die geboue in te gaan sodat jy sonder probleme vorentoe uit 'n potensiële of werklike gevær gebied kan ry. As jy nie seker is dat jy daaruit sal kan kom nie, moet dan liever nie daar ingaan nie.

37.5 Indien moontlik, is die beste metode, en in meeste gevalle die **veiligste, om saam met die rigting van die wind** die veldbrand te bestry. Begin op 'n plek waar die veldbrand nie agter jou kan verby gaan nie. So plek kan 'n pad, 'n wenakker van 'n land, 'n skoon brandstrook of 'n oop stuk grond wees. Dikwels begin 'n brand by 'n pad en brand van die aanvangsplek na weerskante toe uit en weg van die pad af. In so geval is dit die beste as twee spanne brandbestryders elkeen by die pad begin en die vuurlyn volg totdat hulle bymekaar uitkom.

37.6 **BAIE BELANGRIK :** Mense in beheer van vuurvegters moet gereeld die watervlak van hul vuurvegters monitor en die koördineerder op hoogte van die waterkapasiteit hou. Dit is noodsaklik dat daar deurlopend vuurvegters op die brandtoneel teenwoordig is terwyl ander lede die brandtoneel moet verlaat om waternaavullings te gaan doen. As al die vuurvegters moet onttrek om weer waternaavullings te gaan doen, kan die vuur weer handuitruk wat alle aksies wat uitgevoer is, nodeloos maak. (Sien paragraaf 29 hierbo.)

### Ongewenste persone by 'n veldbrand

38. **As jy nie aktief kan deelneem aan die bestryding van 'n veldbrand nie, is dit vir jou eie veiligheid en die brandbestryders se gerief die beste dat jy nie daarby aandoen nie of as jy reeds by so toneel is, om dit onmiddellik te verlaat.**

### Verslae en Statistiek

39. Wanneer 'n veldbrand geblus is en almal moeg en uitgeput huistoe gaan, is die taak van die koördineerder en die brandbeampte nog nie afgehandel nie. Wetgewing vereis dat daar ten opsigte van elke veldbrand verslag aan die Departement gedoen moet word oor 'n hele reeks feite omtrent die brand. Dit sluit onder andere die volgende in:

- Die gebied waar die brand voorgekom het;
- Is dit veld en/of bos of landerye;
- Die oppervlakte van die gebied wat gebrand het;
- Die waarde van die gras/bos/landerye wat vernietig is;
- Is huise en/of ander strukture beskadig / vernietig;
- Die waarde van die eiendom wat beskadig / vernietig is;
- Is mense in die brand gedood/beseer – indien wel, besonderhede;

- Is diere in die brand gedood / beseer – indien wel, besonderhede;
- Waarde van diere wat gedood/beseer is;
- Is die brand opsetlik of deur nataligheid veroorsaak;
- Is ‘n polisieondersoek begin na die oorsake van die brand – indien wel, saaknommer.
- Is persone gearresteer of aangekla in verband met spesifieke oortredings van die bepalings van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande. Indien wel, verstrek besonderhede.
- Hoeveel mense was by die bestryding van die brand betrokke en hoe lank het die bestrydingsaksie geduur – waardeur die man-ure uitgewerk word om die koste-implikasies by benadering te kan uitwerk.
- Was ‘n brandweerdiens by die bestrydingsaksie betrokke – indien wel, verstrek besonderhede van die relevante brandweerdiens.
- Enige ander inligting wat relevant tot ‘n veldbrand is wat nie hierbo gelys is nie.

## **Slot**

40. **Daar kan nog baie meer inligting in fyner besonderhede by die inligting hierbo gevoeg word. As daar egter net een wenk is wat iemand gehelp het om iets belangrik ten opsigte van veldbrande te doen of nie te doen nie, was die tyd wat hieraan spandeer is, die moeite werd.**

## **Outeur:**

**J. J. (Dicks) DIETRICHSEN**

Roodeplaat Brandbeskermingsvereniging  
Plot 49, Buffelsdrift  
Sel. 082 875 0018  
E-posadres : [dicks@pcworld.co.za](mailto:dicks@pcworld.co.za)  
Datum : 28 Augustus 2016

## **Bronne:**

- **Die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 (Wet 101 van 1998);**
- **Dagblaaie;**
- **Hofsake;**
- **Gauteng Smallholder;**
- **Gauteng Smallholder’s Companion & Buyer’s Guide 2014;**
- **Internet;**
- **eie en medebrandbestryders se praktiese ervaring;**
- **persoonlike onderhoude met kundiges oor spesifieke onderwerpe.**



# NONGQAI TRUST

## DOELEINDES VAN DIE TRUST

Die doel van die Trust is om ten behoeve van enige persoon (of hul families) wat sorg, berading en ondersteuning nodig het ten opsigte van post-traumatische stres; sielkundige ondersteuning; sorg en behandeling, of fisiese besering wat hy of sy opgedoen het as gevolg van sodanige persoon se betrokkenheid by misdaadvoorkoming, misdaadbekamping of blootstelling aan misdaadbestryding of verwante optrede, of voormalige lede van die Suid-Afrikaanse Polisiemag.

## PURPOSE OF THE TRUST

The purpose of the Trust is to act on behalf of any person (or their families) who need care, counselling and support due to post-traumatic stress; psychological support; care and treatment, or physical injury that he or she has suffered as a result of their involvement in crime prevention, combating crime or exposure to the combating of crime or related actions, or former members of the South African Police force.

# THE NONGQAI TRUST NEEDS YOUR SUPPORT

IT 002701/2018(T)

Donations are tax deductible for South African tax payers.



## BANKING DETAILS:

Account Name:	Nongqai Trust
Account No:	012747084
Account type:	Business
Bank:	Standard Bank
Branch:	Menlyn
Branch Code:	012345
Branch Code:	
Electronic Payments:	051001
Swift:	SBZA ZA JJ

# Thank You!

We would like to thank every person who has made a donation to the Nongqai Trust.

We are grateful for your support!

Donations are tax deductible for South African tax payers.

Please contact us for the issuing of tax deductible receipts.

Email: [editor@nongqai.org](mailto:editor@nongqai.org)

## NONGQAI TRUST

Public Benefit Organisation (PBO)  
Non Profit Organisation (NPO)

Openbare Weldaad Organisasie (OWO)  
Nie Winsgewende Organisasie (NWO)

IT 002701/2018(T)

# Dankie!

Baie dankie aan elke persoon wat 'n donasie aan die Nongqai Trust gemaak het.

Ons is dankbaar vir u ondersteuning!

Donasies is belasting aftrekbaar vir Suid-Afrikaanse belasting betalers.

Kontak ons asseblief vir die uitreiking van belasting-aftrekbare kwitansies.



# NONGQAI

VRYWARING & © | INDEMNITY & ©

SLOT | END



Dear reader

Please note that this magazine is composed of contributions received from independent contributors, in the tradition of recounting history as seen through the eyes of those who had lived those times. It thus contains diverse and personal recollections and opinions. Therefore, the editors and publishers of the Nongqai cannot be held responsible or be liable for the content provided by contributors.

Geagte leser

In die tradisie om die geskiedenis weer te gee soos gesien deur die oë van diegene wat daardie tye beleef het, bestaan die *Nongqai* uit insette gelewer deur sy onafhanklike bydraers. Dit bevat dus uiteenlopende persoonlike herinneringe en menings. Die redakteurs en uitgewers van die *Nongqai* kan daarom nie verantwoordelik of aanspreeklik gehou word vir die inhoud wat deur individuele bydraers gelewer is nie.

© 2021 Brig. HB Heymans (SAP Ret.)

STUUR ASB FOTO'S EN STORIES AAN:

Brig. Hennie Heymans: +27 723 361755  
 [heymanshb@gmail.com](mailto:heymanshb@gmail.com)

